Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

8 November 2023
OB 40

Beste Ouers

Die afgelope naweek het van die spelers in die tennisspan aan die Interdistrikte Tennistoernooi deelgeneem. Baie geluk aan die o. 13-plattelandspan, wat die toernooi gewen het. Kyk gerus op Facebook vir foto's van die spelers en toernooi.

Met slegs 2 weke voor die graad 7's se eksamen begin, is die onderrigtyd besig om uit te loop. Hul eksamen begin op 20 November en gr. 4-6 se eindjaar toetsreeks op 22 November. Die leerders het reeds hul eksamenafbakenings ontvang, sodat hulle betyds kan begin met hersiening. Ons begin ook op 20 November met atletiekoefening, na die eksamensessie. Hierdie is massadeelname en daar word van alle leerders verwag om deel te wees van hierdie aksie.
Leerders moet vir die volle duur van die skooldag by die skool bly en mag nie vroeër afgehaal word nie. Ek verwys na ondergemelde uittreksel vanuit 'n omsendbrief van die onderwysdepartement:

2.2 Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde eksamen en assesseringstydperk verpligtend vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

2.3 Leerders mag tydens en na afloop van die assesseringstydperk nie voor 13:00 verdaag nie. Dit is belangrik dat ouers en leerdervervoerskemas voor die tyd van hierdie skooltye ingelig is sodat hulle die nodige alternatiewe reëlings en vervoerreëlings kan tref.

Skooltye vanaf 20 November is 07h45 – 13h00 elke dag.

Ek herinner u aan die **Algemene Ouer- en Begrotingsvergadering** wat môre-aand, 9 November om 18:30 gehou word. Tydens hierdie vergadering word die begroting bespreek en voorgelê vir goedkeuring deur die ouervergadering. Daar sal ook geleentheid wees om die gedragskode te bespreek en voorstelle te maak rakende die gedragskode.

Ons is vir die volgende 2 weke nog besig met die laaste krieketwedstryde van die seisoen. Sterkte aan al die leerders wat nog hieraan gaan deelneem.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Installeer asb. die d6-Connect *Toep* vir beter en vinniger kommunikasie.

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 8 Nov	o.13 Krieket (s) Bonnievale HS (tuis) Seniorburgerdag
Donderdag, 9 Nov	Ouer- begrotings en algemene jaarvergadering 18h30
Vrydag, 10 Nov	Gr. 1V entrepreneurs Gr. 6O klasuitstappie Gr. 7 besoek Pre-primêr
Dinsdag, 14 Nov	Krieket: o. 11 seuns vs dogters (tuis)
Woensdag, 15 Nov	Laaste Montienuus vir 2023
Donderdag, 16 Nov	Laaste Somersport oefeninge
Vrydag, 17 Nov	Gr. 1K entrepreneurs GF Boeke huis toe Netheidsinspeksie
Maandag, 20 Nov	EKSAMEN BEGIN (Gr. 7: NW) Atletiekoefening begin na eksamensessie
Dinsdag, 21 Nov	EKSAMEN (Gr. 7: Tegnologie)
Woensdag, 22 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: Wisk; Gr. 7: Afr)

NB NB NB NB NB

ALLE Gr. 4 tot 7-leerders MOET Vrydag, 8 Desember by die skool wees, aangesien ons die briewe gaan uitgee vir die leerders wat pryse ontvang tydens die Erkenningsaand.

Eksamenrooster:
Gr. 4-7
November 2023

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Maandag	20/11		NW
Dinsdag	21/11		TEG
Woensdag	22/11	WISK	AFR
Donderdag	23/11	ENG	GESK
Vrydag	24/11	GESK	ENG
Maandag	27/11	NWT	EBW
Dinsdag	28/11	AFR	LO
Woensdag	29/11		WISK
Donderdag	30/11	PSW	D + VK
Vrydag	1/12	GEO	GEO

Gr. R kuierdag

Vrydag, 3 November het die Gr. 1's van 2024 by ons kom kuier. Hulle was baie opgewonde oor die dag en party wou sommer dadelik groot skool toe kom. Hulle het 'n skattejag gehou om die skool te verken en hulle het speletjies gespeel. Ons sien uit daarna om julle in 2024 te ontvang by die skool.

Kooroptrede saam met Jak de Priester

Op Woensdag, 1 November, het ons seniorkoor die wonderlike geleentheid gehad om saam met Jak de Priester op te tree. Vir 'n hele paar oefeninge het ons voorberei hiervoor en selfs ons eie "moves" bygesit (wat groot vermaak verskaf het). Ons koorleerders het met groot gees die pad aangepak tot in Robertson waar ons geoefen het saam met Jak en daarna 'n gratis worsbroodjie en water gekry het. Almal het ook lekker piekniek gehou op die gras langs die NG Kerk Robertson-Oos gemeente. Daar was 380 koorlede die aand daar. Ons het sy vertoning en grappies baie geniet. Ongelukkig in die helfte van ons tweede liedjie saam met hom, het Eskom die ligte kom afsit en die kragopwekker het besluit om ook nie te werk nie. Die Monties het toe sommer self begin verder sing en was beslis die koor daar met die meeste gees.

Dankie aan die personeel wat die aand saamgekom het en ook ons ouers en oumas en oupas wat die aand saam kom geniet het.

MONTIENUUS – MINI-KRIEKET

Op Dinsdag, 31 Oktober 2023, het Laerskool Montagu hul jaarlikse mini-krieketdag aangebied. Daar was 'n klomp opgewonde leerders wat die prettige dag baie geniet het. Die uitslae is as volg:

o.7	verloor 2
o.8	wen 2
o.9	wen 2

O. 13 KRIEKET

Krieket o.13: Op 1 November 2023 het twee Montiespanne teen mekaar gespeel. Almal het kans gekry en was baie kompeterend. Die wedstryd het feitlik gelykop geëindig. Baie dankie vir almal se positiewe deelname.

Skoolgeld 2023

Alle skoolgeld vir 2023 is nou betaalbaar. Gebruik asseblief d6 Connect om u rekening na te gaan en seker te maak u is op datum. Gebruik asseblief altyd u familiekode as EFT verwysing. Ons het tans heelwat betalings ontvang met **onvolledige verwysings** o.a.: Monties; L.M.; skoolgeld; 051001; 1086 & 1087 ens. Hierdie betalings kan nie geallokeer word nie. Indien u betalings gemaak het wat nie op u rekening verskyn nie stuur asseblief 'n epos vir Annie by montagu.prim@wcgschools.gov.za met die volle besonderhede van u betaling.

Rekenaargeld 2023

Rekenaargeld vir kw4 is ook nou betaalbaar. Die bedrag beloop R300 per kwartaal.

Skool epos-adresse

Ons is tans besig om die skool se Telkom epos-rekeninge uit te faseer. Gebruik asseblief die volgende epos-adresse om ons te kontak:

- Amptelike skool e-pos adres: montagu.prim@wcgschools.gov.za
- Skoolhoof: skoolhoof@laerskoolmontagu.net
- Ontvangs: ontvangs@laerskoolmontagu.net
- Klereverkope: klerewinkel@laerskoolmontagu.net
- Finansies: montagu.prim@wcgschools.gov.za

Die skool kan ook direk gekontak word deur 'n boodskap vanaf ons webblad of met d6 Connect te stuur. Gebruik asseblief d6 Connect om afwesighede aan te meld of om u kontakbesonderhede op te dateer.

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.